

9 Junie Genesis 50: 15-21 en Johannes 5:17,19,20

God werk deur omstandighede

Jesus, ons Here sê vir ons in Joh. 5:17,19,20:

- Ons Vader werk tot nou toe. En Hy nooi ons uit om deel te wees van sy werk, want Hy het ons lief. Dit is baie belangrik om dit raak te sien, want anders dink ons die Here werk net nou en dan as ons Hom "uitnoui".

Soms sê mense: "Ons laat ons lei deur omstandighede", of: "Dit was 'n 'toevallige' sameloop van omstandighede." Maar: Wat is omstandighede in die lig van wat Jesus in Joh. 5:17, 19, 20 sê? Dit is die dinge wat ons Vader besig is om te doen in die wêreld. Hy is die groot Beskikker van omstandighede. Dinge wat om ons en met ons gebeur, val tog nie net uit die lug nie. Dis nie bloot 'n "toevallige sameloop van omstandighede" nie. Ons Vader beskik dit, bestier dit, beheer dit en bepaal dit

Ons hoor dit so duidelik in Josef se woorde aan sy broers in Gen. 50:20. Sy broers was na sy pa, Jakob, se dood benoud dat Josef op hulle sal wraak neem vir die "kwaad", onreg, groot misdaad (verse 15-17) wat hulle aan hom gedoen het. Josef sien die omstandighede egter van God se kant af as hy sê: "Julle wou my kwaad aandoen, maar God wou daarmee goed doen. Hy het gesorg dat 'n groot volk nou in die lewe gebly het"

As ons Josef was, sou ons op elke draai van die pad gedink het ons raak verder en verder weg van God se wil af. Tog was Josef se konklusie van alles 'n aanduiding dat hy God se aktiwiteit raakgesien het in alles. Al die slegte omstandighede in sy lewe was ook instrumente in diens van God om sy wonderlike plan en doel met Israel te vervul.

Wanneer ons omstandighede deur God se "bril" sien, kan ons die "ten goede" daarvan raaksien. Dan kan ons sien hoe God goed en sleg gebruik vir sy eie wonderlike goeie doel in ons lewe (vergelyk Rom. 8:28).

Sing Psalm 89:1 en 3

Dr. G.C.P. Labuscagné (Bloempark)